

15 KONINKRYKSTYD



Jaargang 24 | 9 Oktober 2026

VRYP POS

LOER | LEES | LUISTER | LEER



*Borskanker-
bewustheidsmaand*



Celicia McLean REDAKTEUR

BYDRAES EN NAVRAE

voor 12:00 Dinsdae na
cmclean@ngkvs.co.za

*Lig in die duisternis,
hier vir God, mekaar en die wêreld*

FOTO'S

Canva | Unsplash | Flickr | Pexels
Pixton | *Tensy anders vermeld*

ARTIKELSKRYWERS

Suzanne van der Merwe | Andries Gous
Enrico Casaleggio | Louwrens Scheepers
Lunette Basson | Hennie Stander | Mariëtte
Odendaal | Maryna van Wyk | Leon M Foot
Martin Schwella | Leon Oosthuizen | CLF
Kerkbode | Bybel-Media | Bybelgenootskap SA

KONINKRYKSTYD

Koninkrykstyl breek net ná Pinksterfees aan en strek tot net voor Adventstyl. In hierdie seisoen word God se koninklike heerskappy en handelinge in elke faset van ons lewe en in die wêreld op baie maniere en met verskeie geleenthede gevier. Met Epifanie-, Paas- en Pinksterfees en die seisoene wat daarmee saamval, is ons herinner aan alles wat God ons skenk en het ons dit gevier. Gedurende Koninkrykstyl sit ons hierdie vierings voort en bely ons dat God nie net Koning is van dié wat in Hom glo nie, maar oor die ganse mensdom en skepping regeer.

(@vars.com)

DAGBOEK DÍT



VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van Vrypos sal op **Vrydag 23 Oktober** verskyn. Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

INHOUD

VRYPOS-FOKUS 03

BEDIENINGSBEGELEIDING | VBO Netwerk
Suzanne van der Merwe | *Kroniese Kronieke – narratiewe van 'n nuwe normaal: 'n Dekade met ROS - Ek kan nie my pad huis toe vind nie*

ARTIKELS 06

- 06 | **VENNOTE IN GETUIENIS** | DEGNOS
Andries Gous | *DEGNOS-dinge*
- 08 | **VENNOTE IN GETUIENIS** | Islam Getuienisaksie
Enrico Casaleggio | *Die dag toe 'n Moslem-weermag hulle in Dracula vasgeloop het (nr 1)*
- 09 | **BEDIENINGSBEGELEIDING** | VBO Netwerk
Louwrens Scheepers | *Deernisvolle Kommunikasie: Hoe leef en praat ons met mekaar? Artikel 1: Hoe lyk die wêreld wat my woorde skep?*
- 10 | **BEDIENINGSBEGELEIDING** | Ekologie Netwerk
Lunette Basson | *Omgee. Oppas. Bewaar.*
- 11 | **ALGEMEEN** | Kaapkerk
Hennie Stander | *Die predikant as woordmens - Verantwoordelike hantering van die Bybelse grondtale*
- 12 | **ALGEMEEN**
Mariëtte Odendaal | *Waar hoop hoorbaar word*
- 13 | **ALGEMEEN**
Maryna van Wyk | *Groter as die groot K*

MEDIATEEK 19

Resensent: **Leon M Foot** (9 Oktober 2026)
Willie Esterhuyse: God en die Gode van Egipte ... in die voetspore van onsienlike ...
(Uitgewer: 2009 Lux Verdi, sagteband)

BLÊR-REEKS 3 17

Die Verlore Skapie (12 stories) | 2. Beloftes

VERJAARSDAE 19

EKOLOGIE 20

Mariëtte Odendaal | *Ons kan nie elke ramp voorkom nie – maar ons kan voorberei*

AKTUEEL | ALGEMEEN 22

- 22 | City Connect 50 Gebedsdae-gids
23 | Advertensies

OPLEIDING 26

KERKBODE BROKKIES 27

PUBLIKASIES 28

WAT'S NUUS? 29

KALENDER VAKATURES / AFLOSLYS PREDIKANTENUUS

'N LAASTE GEDAGTE 31

Leon Oosthuizen | *Sal ons ooit tevrede wees?*

KONTAK ONS 32

VRYPPOS-FOKUS



Kroniese Kronieke *narratiewe van 'n nuwe normaal*

'n Dekade met ROS

Ek kan nie my pad huis toe vind nie

Hierdie artikel staan binne Kroniese Kronieke se breë werksruimte rondom selfbestuur, ondersteuning deur versorgers en professionele persone, en die werk- en gemeenskapsruimtes waarin mense met kroniese siekte leef. Hier val die fokus spesifiek op Matilda Swanepoel se beleefde ervaring van 'n dekade met reumatoïede outo-immuunsiekte en hoe disoriëntering beleef word. Daar word gekyk hoe heroriëntering deur 'n eie stem, verantwoordbare kennis en 'n ondersteunende gemeenskap bevorder kan word.



BEDIENINGSBEGELEIDING
VBO Netwerk
Dr Suzanne van der Merwe

*Jou reis met **kroniese siekte** is ons prioriteit*

Vanuit 'n waardegedrewe raamwerk wat ook in geloofskringe resoneer, word wetenskaplike kennis en persoonlike verhaal saamgelees: die een bied begrensing en meetbaarheid; die ander menslikheid en erkenning.

Dr Suzanne van der Merwe (Navorsingshoof en woordvoerder van Kroniese Kronieke), in samewerking met **Matilda Swanepoel** (Navorsingsdeelnoot van Kroniese Kronieke).

Dit voel soos om uit 'n aaklige droom wakker te word.

Lees meer >>

MOOIGENOEG

KAMPTERRAIN / CAMPING GROUND

Bloemfontein



Ctrl + Click on the link to find us on the map:
<https://maps.app.goo.gl/EjtnPhELWAHKMz7r8>



FACILITIES

- ✓ 154 bunk beds in total
- ✓ The sleeping units consist mainly of bunk beds.
- ✓ The bathrooms consist only of showers, sinks, and toilets.
- ✓ There are two separate equipped kitchens.



7 Self-Catering Chalets – Each chalet accommodates a maximum of 4 guests and has its own private bathroom. The chalets are equipped with bedding, a microwave, fridge, kettle, cutlery, and crockery.

The entire premises can accommodate up to 182 guests.

The campsite also features a large swimming pool (1.5 m deep), a spacious lawn area, and numerous shady trees.

PRICES for 2026



Accommodation without bedding

R135.00 per night per person



Day visitors (08:00-17:00)

R110.00 per person per day



Accommodation: Chalets

1 person

R 330.00 per unit per night

2 persons

R 600.00 per unit per night

3 persons

R 880.00 per unit per night

4 persons

R 1100.00 per unit per night



Kitchen

R 700.00 per day



Kitchen

R 1000.00 per day (near hall for functions)



Big hall

R 1200.00 per day (when group sleeps over)



R 5500.00 per day (functions)



Olienhout + Kitchen

R 3300.00 per day (functions)

Caravan

R 160.00 p/day per stand



INQUIRIES AND RESERVATIONS:



(051) 406 6700



EMAIL - ontvangs@ngkvs.co.za



PAIDION KINDERBEDIENING



Sedert 1996



KINDERKERK- / KATEGES- / SONDAGSKOOLMATERIAAL

Bybelgetroue materiaal vir elke ontwikkelingsfase

Peuters (2-3 jr), Kleuters (4-5 jr of 2 jr voor laerskool), Juniors (gr 1-3) & Seniors (gr 4-6)



- ✓ Nie boeke nie. Los e-blaaie
- ✓ Baie bekostigbaar
- ✓ Dieselfde prys as in 2022
- ✓ Geen versendingskoste
- ✓ Onmiddellik beskikbaar

- ✓ Vinnige bestelprosedure
- ✓ Teologies & opvoedkundig verantwoordbaar
- ✓ Die Juniors se Pretblaaie is klaar hersien en bygewerk

- ✓ Die Kleuters se Handboek en Aktiwiteitsblaaie van Siklus 1 word tans hersien en vereenvoudig. Bestelbaar teen einde Oktober.

Skandeer QR-kode om aanlyn te bestel



EENJARIGE KORRESPONDENSIEKURSUS

Vir persone wat kinders bedien en opvoed of
sommers net vir kinders liefhet

**Geen eksamens nie –
Net take en prakties**

- ✓ Baie bekostigbaar
- ✓ Dieselfde prys as in 2022
- ✓ Bybelgetrou
- ✓ Praktiesgerig
- ✓ Professioneel
- ✓ Afslag vir vroeë en groepinskrywings



Skandeer QR-kode om aanlyn in te skryf



WERKSWINKELS & KONSULTASIES

Werkswinkels oor die kind en
kinderbediening aan gemeentes en skole en
kinderbedieningskonsultasie aan gemeentes word
deur dr. Leon van Zyl aangebied.



Navrae, bestellings & inskrywings:



082 574 0708



paidion@paidionweb.co.za



www.paidionweb.co.za

ARTIKELS

UIT DIE SINODE



DEGNOS-dinge

VENNOTE IN GETUIENIS
DEGNOS
Andries Gous



Liewe vriende van DEGNOS

'n Seisoen van groei, toerusting en saamwerk

Die afgelope paar weke was dit weer duidelik hoe die Here deur mense, gemeentes en verskillende bedieninge in die DEGNOS-gebied aan die werk was.

Vriende van Tennessee Valley Community Church uit die VSA het Tsumkwe besoek en saam met DEGNOS hande gevat met evangelisasie-uitreike. Hulle het ook gehelp met die oprigting van 'n gemeenskapsgroentetuin by Aasvoëlnes, waar ds N!aici bedien. 'n Span van Worcester-Noord het op sy beurt in die Wes-Caprivi gehelp met die oprigting van 'n heining en 'n sinkhuis by die kerkie op Dije – deel van die gemeente se plan om weer 'n volhoubare bediening daar te vestig. Die Luhebu-Noord-gemeente het op Omatoko en Mangetti Duin deelgeneem aan die nasionale biddag wat deur Namibië se staatspresident, me Netumbo Nandi-Ndaitwah, uitgeroep is.

Dit was 'n besondere geleentheid waar gemeentes saam voor die Here stil geword het.


Toerusting wat mense en gemeenskappe verander

Opleiding het steeds 'n groot deel van die bediening gevorm. Studente het in Grootfontein en Omega met die laaste opleidingsblokke van die jaar voortgegaan. Onderwerpe soos trauma-berading, leierskap, beplanning volgens die boek Nehemia en praktiese gemeentebou is behandel.

Mentorskapsgesprekke is ook met studente gevoer om hulle geestelike en persoonlike groei te begelei. Die vrug van hierdie toerusting was reeds sigbaar – nie net in die lewens van die studente nie, maar ook in hulle gesinne, gemeentes en gemeenskappe. Riana het intussen verdere opleiding tydens 'n Amos Meerkat Skool-slypskool in Windhoek ontvang, terwyl 'n DEGNOS-onderwyser-slypskool in Grootfontein aangebied is.

Lees meer >>

Barend Wessels Gedenksentrum



MEENTHUISE TE HUUR

Barend Wessels Gedenksentrum is 'n behuisingskompleks in Bloemfontein wat uit meenthuise bestaan en is sentraal geleë naby winkelsentrums. Dié meenthuis-kompleks is nie 'n aftree-oord nie en ook nie diere-vriendelik nie.

HUURBEDRAG

R8,380 / MAAND

MEENTHUIS SE LIGGING

NP van Wyk Louwstraat,
Langenhovenpark, BFN, 9301

KENMERKE



2 Slaapkamers



1 Badkamer



1 Motorhuis



110 m²



ISLAM

VENNOTE IN GETUIENIS
Islam Getuienisaksie
Dr Enrico Casaleggio



Die dag toe 'n Moslem-weermag hulle in Dracula vasgeloop het (nr 1)

Met die eerste oogopslag lyk die titel van hierdie artikel asof daar geen waarheid in kan steek nie. Wel, in Engels is daar 'n uitdrukking "fact is sometimes stranger than fiction". Hierdie is een van daardie gevalle. Dit is egter noodsaaklik dat ons eers na die agtergrond van die verhaal kyk, voordat ons by die genoemde veldslag uitkom.

Die wêreld het die naam *Dracula* leer ken na aanleiding van die gruwelverhaal met dieselfde naam, geskryf deur die Ierse skrywer Bram Stoker. Dit sal ons baat om 'n oomblik stil te staan by hierdie skrywer. Om sake effens vooruit te loop, Stoker het die naam Dracula raakgeloop as deel van ander geskifte waarop hy afgekom het, en gedink dié naam sal die karakter wat hy geskep het, goed pas. Die naam was gekoppel aan *Vlad III (Vlad die Deurboorder)*, eertydse heerser van Wallachia. Stoker het nooit self Wallachia, die hedendaagse Roemenië, besoek nie en het die karakter van Dracula geskep deur jare se intense navorsing in biblioteke en deur inspirasie uit verskeie bronne te kombineer.

As ons chronologies kyk na die gebeure wat gelei het tot die ontstaan van Stoker se idee, dan begin dit in die somer van 1890 toe hy op vakansie na die kusstad Whitby in Engeland gegaan het. Dit was hier waar die grondslag vir sy boek gelê is. In die Whitby-biblioteek het hy afgekom op 'n boek oor die geskiedenis van Wallachia en Moldawië, geskryf deur William Wilkinson. In hierdie boek het hy vir die eerste keer die naam *Dracula* teë-gekom. Stoker het in sy eie notas neergeskryf dat "Dracula" in die Wallachiese taal "duiwel" beteken.

Hy het dadelik besluit om die naam van sy hoofkarakter (wat hy oorspronklik "*Count Wampyr*" wou noem) na *Count Dracula* te verander.

Dit is belangrik om daarop te let dat Dracula mettertyd in Romenië die betekenis van "duiwel" gekry het. Dit het aanvanklik "draak" beteken en het juis verwys na ridders van 'n *christelike orde*, soortgelyk aan kruisvaarders, waaraan die koningshuis van Vlad III behoort het.

Voordat Stoker van *Vlad die Deurboorder* (Engels: *impaler*) gelees het, was hy reeds gefassineer deur Oos-Europese geskiedenis en volksverhale. Hy het destydse akademiese artikels bestudeer oor mites uit Trans-Silvanië, waar mense geglo het in die *strigoi* – spoke of lewende dooies wat snags uit hul grafte opstaan om die bloed van die lewendes te drink.

Hoe het hy dan hierdie inligting met *Vlad die Deurboorder* in verband gebring? Hoewel Stoker bitter min geweet het van die werklike historiese besonderhede van Vlad III se lewe, het Wilkinson se boek wel genoem dat hierdie spesifieke heerser (Dracula) baie wreed was en teen die Turke (Moslems) geveg het. Stoker het hierdie historiese grepie gebruik om sy fiksie-graaf 'n ryk, koninklike agtergrond te gee. In die roman verwys Graaf Dracula self na sy glorieryke verlede waar hy oorloë teen die Ottomaanse Ryk gelei het.

'n Reeks Islam-artikels. Hierdie artikel handel oor die ware historiese karakter, Vlad III, 'n heerser uit Roemenië, wat sy land teen die Moslems beskerm het. Bram Stoker het sy karakter "Dracula" op Vlad III gegrond (hoewel daar min ooreenstemming tussen die twee karakters is).

Lees meer »

ARTIKELS

UIT DIE SINODE



BEDIENINGSBEGELEIDING
VBO Netwerk
Ds Louwrens Scheepers

Deernisvolle Kommunikasie Hoe leef en praat ons met mekaar?

Foto: Canva

Gemeentes is gemeenskappe van mense. Ons aanbid saam, neem besluite saam, werk saam, verskil van mekaar en probeer saam onderskei wat getroue kerkwees in ons tyd beteken.

En juis omdat ons mense is, is dit nie altyd maklik nie.

Ons bring onself saam kerk toe — ons persoonlikhede en geskiedenis, ons vrese en verwagtinge, ons seerkry, ons oortuigings oor wat reg en verkeerd is, en ons verskillende prentjies van hoe dinge behoort te wees. Dit alles kom saam met ons die erediens, kerkraadsaal, kommissievergadering en WhatsApp-groep binne.

Daarom gaan goeie kommunikasie in 'n gemeente oor veel meer as om die regte woorde te gebruik.

Dit gaan **oor hoe ons teenwoordig is by mekaar.**

Hoe ons luister wanneer iemand anders dink as ons.

Wat in ons gebeur wanneer ons bedreig, gekritiseer of misverstaan voel.

Hoe ons met mag en verskil omgaan. Of mense veilig genoeg voel om eerlik te wees.

En of ons in moeilike gesprekke steeds die mens voor ons kan bly raaksien.

In hierdie reeks artikels wil ek saam met jou hieroor nadink. Ek gebruik die begrip **Deernisvolle Kommunikasie**, beïnvloed deur onder andere Marshall Rosenberg se werk oor *Nonviolent Communication*, maar ons gesprek gaan oor meer as 'n kommunikasiemodel of 'n stel tegnieke.



Die dieper vraag is: **Wie is ek wanneer ek met jou praat — veral wanneer ons van mekaar verskil?**

Ons sal kyk na die stories wat ons oor mekaar vertel, wat met ons gebeur wanneer ons getrigger word. Ons gaan eerlik gesels oor hoe maklik ons oordeel en blameer, oor ons gevoelens en behoeftes, verantwoordelikheid, empatie, grense, mag en konflik.

Maar deur alles loop een uitnodiging: om meer bewus te raak van wat in my gebeur, sodat ek met groter deernis, eerlikheid en verantwoordelikheid tussen ons teenwoordig kan wees.

En daarom begin ons nie met 'n kommunikasietegniek nie.

Lees meer »



Omgee. Oppas. Bewaar.

Foto: Verskaf.



Die Here God het die mens geneem en hom in die tuin van Eden geplaas om dit te bewerk en op te pas.
Genesis 2:15

Met die skepping van die eerste twee mense het God 'n baie spesifieke opdrag aan hulle gegee. Die tuin van Eden moet opgepas word. Dit het die plante, riviere, wilde en mak diere ingesluit. Tog, as ons lees van die sondeval – hoe die mens uit die tuin van Eden moes gaan – is dit maklik om te vergeet dat die res van die Skepping ook die wêreld onder sonde moes ingaan. Die opdrag het wel nooit verander nie, die mens moet steeds oppas en bewaar, tot vandag toe.

So hoor ons duidelik in die volgende gedeelte, want hier gaan God selfs verder deur te sê dat al die diere in die hand van die mens oorgegee word:

*God het Noag en sy seuns geseën en vir hulle gesê: “Wees vrugbaar, vermeerder en vul die aarde. Ontsaag vir julle en vrees vir julle sal al die wilde diere van die aarde, al die voëls van die hemel, alles wat op die grond rondkruip, en al die visse van die see, vervul. In julle hande is hulle oorgegee. **Genesis 9:1-2***

Ja, die diereryk word in die hande van die mens oorgegee, maar wat beteken dit regtig vir ons vandag? Beteken dit om te regeer oor die diereryk soos ons dit goeddink? Die Hebreeuse woord hier gebruik vir “oorgee” het nog 'n dieper betekenis, naamlik “toevertrou”. Dus, as ons dit in ag neem, sê God eintlik Hy vertrou ons met die diereryk, net soos Hy voorheen genoem het in Genesis 2: om elkeen op te pas.

Hierdie ou opdrag het nog nooit verander nie, maar die mensdom het dit al begin vergeet. Met soveel dieremishandeling en verwaarloosing net in ons land alleen, is dit hartseer hoe die mensdom hul roeping teenoor God en sy Skepping afskeep.

Daarom is dit 'n riem onder die hart as 'n gemeenskap kan saamstaan om weer na hierdie ou roeping van God te luister. Dit is wat gebeur het in die klein gemeenskappie van Theunissen, toe die hele Septembermaand, wat vir Ekologie-maand staan, gebruik was om honde- en katkos in te samel vir die DBV in Virginia. Die projek het begin by NG Kerk Theunissen-Wes, maar vinnig het die groter gemeenskap ingespring en begin deelneem aan die projek. Lede van die gemeenskap het donasies geskenk, ander het honde- en katkos na die kerk toe gebring. Te danke aan die OK in Theunissen kon daar selfs nog meer kos aangekoop word teen 'n afslagprys.

Lees meer »



ARTIKELS

ALGEMEEN

ALGEMEEN
Oorgeneem uit Kaapkerk
Prof Hennie Stander



Foto: Verskaf.



Die predikant as woordmens

Verantwoordelike hantering van die Bybelse grondtale

Daar is veral één onderskeidende kenmerk tussen 'n predikant en 'n gewone lidmaat, en dit is dat 'n predikant Grieks en Hebreeus behoort te kan hanteer! Dit is één van die redes waarom ons sê dat 'n predikant 'n professionele persoon met 'n professionele opleiding is. Dit is dus belangrik dat elke predikant hierdie professionele bekwaamheid altyd verantwoordelik en uitmuntend sal hanteer. Daarom wil ek in hierdie artikel 'n paar algemene semantiese beginsels bespreek wat nie altyd tot hulle reg kom in predikante se hantering van hierdie professionele bekwaamheid nie. Ek sal dit so eenvoudig doen dat elke taalmens (en Woordmens) hierby kan baat (ook hulle wat nie Grieks of Hebreeus ken nie en dalk gebruik maak van interlineêre Bybels).

1. Onthou dat 'n woord se betekenis nie afgelei kan word uit sy samestellende dele nie.

'n Skoenlapper is nie iemand wat skoene lap nie. 'n Skoonma is nie noodwendig skoon nie.

'n "Butterfly" is nie 'n vlieg wat van botter gemaak is nie en 'n "strawberry" is nie van strooi gemaak nie. Ek hoor al hoe jy sê dat 'n staalmes tog wel van staal gemaak is! Ja, MAAR 'n sakmes is nie van sak gemaak nie! Jy sit so 'n mes in jou sak. Net so is die verhouding tussen jag + mes weer iets heel anders. In laasgenoemde geval verwys dit nie na die materiaal van die mes nie, maar na die gebruik van die mes. Dit wys vir ons dat 'n mens nie na die samestellende dele van 'n woord kan kyk en dan daarvan kan aflei wat die woord beteken nie. Eers as jy reeds weet wat die woord beteken, kan jy dalk (soms) sien waar die woord vandaan kom.

Kom ons pas dit op die Bybel toe: Net so kan ons ook nie sê dat ἐκκλησία kom van ἐκ (uit) + καλέω (roep) en dat die kerk dus uit "uitgeroepenes van die Here" bestaan nie. Eeue voor die Nuwe Testament is die woord ἐκκλησία reeds vir enige (ook sekulêre) "vergaderings" gebruik.

Lees meer >>

Waar hoop hoorbaar word

ALGEMEEN
Mariëtte Odendaal



Foto: Personeel.

“Carel du Toit Spesiale Skool is ’n stukkie hemel op aarde. Dit is ’n wonderwerk om te sien hoe kinders voor jou oë ontwikkel en groei. ’n Leerder kan in die klas instap en baie gefrustreerd raak omdat hy of sy onduidelik praat en jy nie verstaan wat die kind sê nie. Ná ’n paar maande kan daardie selfde kind soveel meer selfvertroue hê omdat hy of sy in die regte omgewing geplaas is.”

Leani Knauff

Onderwyseres: Carel du Toit Spesiale Skool

“Ek kan HOOR, ek kan PRAAT ... LEER my!” So lui die missie van die **Carel du Toit Spesiale Skool in Bloemfontein** wat in 2000 met net drie kinders begin het – ’n sesjarige en twee driejariges.

Wat as ’n klein begin in ’n Sondagskoolklaskamer ontstaan het, het oor die volgende 26 jaar gegroei tot ’n plek van hoop vir kinders met gehoorverlies – ’n plek waar hulle leer luister en praat, hul volle potensiaal ontdek en, waar moontlik, later hul plek in hoofstroomonderwys kan inneem.

’n Klein begin maak ’n groot droom waar

Die eerste drie kinders het onderrig ontvang in ’n Sondagskoolklaskamer van die NG Kerk Universitas-Wes. Dit was in Januarie 2000. In Maart het die skool na die terrein van die Nasionale Distrikshospitaal in Bloemfontein verskuif.

Dr. Koos van der Merwe, voorheen kollega van dr. Carel du Toit by Tygerberg Hospitaal in die Kaap wat die Carel du Toit Sentrum vir Gehoorgestremdheid gestig het, het ’n belangrike rol in die vestiging van die sentrum in Bloemfontein gespeel. Hy het ook gehelp om mense te mobiliseer wat bereid was om die nuwe onderneming te ondersteun, soos sy niggie, Annelie du Toit, wat gehelp het met die stigting van die skool.

Michelle de Kock, voorheen werksaam by die Carel du Toit-sentrum in Kaapstad, was die eerste skoolhoof.



Lees meer >>

ARTIKELS

ALGEMEEN

ALGEMEEN
Vryskutjoernalis en kopieskrywer
Maryna van Wyk



Groter as die groot K

Dit is weer die groot K maand ... die maand waarin ons slagoffers van borskanker ondersteun en gedenk deur pienk aan te trek, 5 km te stap, 'n T-hemp te koop, geld te skenk of wat ookal.

Ons vorm 'n susterskap vir elke familielid of vriendin wat deur die behandeling moet gaan asook diegene wat 'n bors of beide verloor het.

Ek sukkel om hierdie vreeslike siekte by die naam te noem. Dit is seker maar uit respek vir hierdie groot moordenaar van ons tyd.

My eerste kennismaking as klein dogtertjie met die groot K was toe my tannie in die laat sestiger jare in 'n Pretoriase staatshospitaal met kolon kanker gediagnoseer is. Die dokters het gesê sy het maar 'n paar maande oor om te lewe. Tannie Priscilla het kort voor hierdie skokkende diagnose geboorte geskenk aan haar enigste kind, 'n klein blouoog seuntjie met spierwit hare. Die erfgenaam van die familieplaas in die ou Wes-Transvaal.

My oupa wou nie aanvaar sy oudste dogter gaan nie haar seun sien grootword nie.

Sy gaan hom nie op sy eerste skooldag vergesel nie, en sy gaan nie deel in die vreugde wanneer hy eendag voor die kansel staan en later die boerdery oorneem nie.

Ons familie het in daardie tyd gehoor van 'n vrou in Pretoria wat mense gesond bid. Nie in 'n kerk nie, maar in haar "spreekkamer" by haar huis. Geloofsgenesing soos ons dit nie vandag ken nie. Sy was glo landwyd bekend en mense van heinde en verre het haar besoek.

Dié geloofsgeneser het vir tannie Priscilla gebid. En ja, my tannie het daarna 'n lang lewe gehad. Sy is volkome genees deur die krag en genade van onse Hemelse Vader en Almagtige Skepper.

Hierdie storie wat my ma so graag oorvertel het, was nog altyd vir my 'n storie van hoop en van God se eindelose genade.

Die groot K bly maar iets wat niemand van ons wil hoor wanneer ons aan die ander kant van die dokter se tafel sit nie.

Lees meer >>

Foto: Canva



Hallo!

Kom ons maak 'n
verskil saam!



Ek is

Nina-Mari Hamman, 



ds Cobus Hamman (leraar van NG Gemeente Bainsvlei)
se dogter.



Ek studeer tans in **Potchefstroom**.



Ek is die leidster van die VCSV se
Buffelsbaai Stranddiens vir hierdie jaar.

**Ek is baie opgewonde om hierdie
geleentheid aan te gryp!**

OM STRANDDIENS MOONTLIK TE MAAK

HET ONS BORGE NODIG. 

ONS PROGRAMME



POPPEKAS

Kreatief, pretvol en
boeiend vir alle
ouderdomme.



KOFFIEKROEG

'n Vriendelike
ruimte vir goeie
gesprekke.



SPORT

Bou vriendskappe
en geniet sport
saam.



BYBELSTUDIE

Groei in geloof
deur God se
Woord.



SPELETJIES & AKTIWITEITE

Vir almal om te
geniet.



Die VCSV stuur jaarliks spanne na vakansie-oorde regoor SA om
die evangelie van Jesus Christus te bedien.



Ons span van ±14 vrywilligers lewer uitreikdiens in Buffelsbaai vanaf
12 Desember 2026 tot 2 Januarie 2027.



Ons vra vir u ondersteuning met finansies, produkte
of ander hulpbronne.



Sien aangeheg ons bankbesonderhede en lys van
produkte / dienste wat ons benodig.

Baie dankie vir u aandag en bydrae!



Vriendelike groete

Christian Botha & Nina-Mari Hamman

Spanleiers van die Buffelsbaai Vakansiedienstespan
Desember 2026 tot Januarie 2027



Christian.botha2005@gmail.com
ninamari05hamman@gmail.com



063 812 6349 | 060 971 1750



VIR MEER INLIGTING

Kontak Dawn by dawn@vcsv.co.za
of skakel Antoinetta Breytenbach by
082 773 7062.



BANKBESONDERHEDE

**NG Kandelaar Potchefstroom
ABSA**

Rek nr : 9277804135

Verw (Ref) : Buffelsbaai + Donasie

Bewys van betaling :

Christian.botha2005@gmail.com of

ninamari05hamman@gmail.com



U ONDERSTEUNING – FINANSIEEL, MET PRODUKTE OF HULPBRONNE – maak 'n verskil!
Kom saam met ons om die evangelie te leef en uit te dra.



021 887 0212



info@vcsv.co.za



32 Ryneveld Str. Stellenbosch, Western Cape 7599

MEDIATEEK

KOM, LEES

Resensent: **Dr Leon M Foot** | 9 Oktober 2026


God en die Gode van Egipte ... in die voetspore van onsienlike ...

Willie Esterhuyse

(Uitgewer: 2009 Lux Verdi, sagteband)

"My begrip van God is gebore in die eenvoudige huis van Middelpaas neffens die Buffelsrivier en net onderkant die dorp Laingsburg ..."

So begin emeritus-filosofieprofessor Willie Esterhuyse se verhaal oor sy lewens- en geloofsreis. Dié bekende professor, mentor van vele, en onder meer politieke fasiliteerder, vertel meevoerend hoe sy pad geloop het van naïewe skoolkind na teologie- en filosofiestudent, en later professor in etiek. Langsamerhand het die universeel-menslike aard van godsdienstige en morele stories uit ander kulture (veral Egipte) hom begin fassineer: Waarom fokus so baie godsdienste se heilige tekste op sekere grondliggende temas, soos skepping, goed en kwaad, dood en onsterflikheid? het hy gewonder. En waarom sou sekere oersimbole — soos son, vuur, lig, slang, boom, tuin, seun van G/god, geregtigheid, verlossing, opstanding, hergeboorte — in al hierdie stories opduik? Was daar 'n sirkulasie van idees? En kan die verhale oor die Egiptiese gode en die God van die Christene, en die wedervarings van sekere Bybelse figure in "Egipteland" ons help om sinvol, verantwoordelik, en met geregtigheid, te leef? 'n Meesterlike verteller, 'n eerlike denker, en die meesleurende verhale, feite en teorieë waaroor Esterhuyse hier skryf, maak van hierdie indringende boek 'n lees- en lewenservaring soos min. Die welbekende Willie Esterhuyse het na 24 jaar as professor in filosofie aan die Universiteit van Stellenbosch "afgetree" en is sedertdien deeltydse dosent in sosiale en sake-etiek aan die US se Nagraadse Bestuurskool, die UK se



Oorgeneem uit © 2026 Exclusive Books Online

Graduate School of Business, en die Instituut vir Toekomsnavorsing. Hy is ook direksielid van verskillende vooraanstaande maatskappye en is vir sy omvattende werk met verskeie prestige-pryse bekroon, onder meer die Stalsprys vir Filosofie; die Sunday Times Prestige Prize vir politieke literatuur; die Leon Fox Community Relations Award; en die NP van Wyk Louwmedalje van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Deur dr Leon M Foot
PSD: Bedieningsbegeleiding
Mediateek



MEDIATEEK INVENTARIS

Loer gerus na die volledige inventaris van
die NG Kerk Vrystaat Mediateek,
Sinodale Kantoor

Navrae | **Anelia van den Blink**
kuratorium@ngkvs.co.za



THEOLOGY AND RELIGION
TEOLOGIE EN RELIGIE



Faculty of
Theology and Religion
UNIVERSITY OF THE FREE STATE

Voorgaadse en nagraadse studies in teologie aan die UV

Sluitingsdatums vir registrasie (in 2026 vir 2027)



Voorgaadse Kwalifikasies

30 September



Gestruktureerde Nagraadse
Kwalifikasies

31 October



Navorsingskwalifikasies (M & D)

Enige tyd van die jaar



Vind meer inligting hier:

ufs.ac.za/theology >



LEES OOK:

Gedrukte Kerkbode

28 Augustus 2026, Deel 260 - Nr. 163

A Place of Hope and Growth



DIE VERLORE SKAPIE

BLÊR

deur MARTIN SCHWELLA

Herder se Beloftes

“D”ie sonnetjie sak by die kerkkamp na ’n bedrywige dag waar die lammers van Blêrfontein behoorlik besig was met kamp-aktiwiteite. Tjoppie het geseëvier op die hindernisbaan – hy het wel hier en daar in die modder geduik (maar volgens hom was dit "strategies geposisioneer"). Leon het geleer dat hy nie hoef bang te wees vir hoogtes nie, en Mollie was daar om seker te maak almal volg die reëls van die baan tot op die letter.

Dit was verseker ’n lekker dag. “Lammers!” roep Armach Breytenblaf. “Ek kry julle oor ’n uur hier by die vlagpaal – gaan maak skoon, bring vir julle ’n langmouding saam, want daar wag ’n verrassing.” Die lammers het almal hulle ding gaan doen, skoongemaak en opgedaag vir die groot kampverrassing.

Die koue naglug het die kampterrein begin afkoel. Die lammers het aangestap gekom na waar hulle vir Armach sou kry. “Tjopper! Kom pak jy en Leon voor ons ’n vuur,” beveel hy vir Tjoppie toe hy hulle sien. “Mollie, daar in daardie sak is daar iets lekker wat wag,” sê hy vir Mollie. Tjoppie en Leon pak ’n lekker kampvuur wat hoog brand, en Mollie kry in die sak ... lekker malvalekkers en kondensmelk!

Nadat hulle vir hulle gepaste stokke gevind het, sit hulle om die vuur, gereed om hulle malvalekkers te braai. Dit is stil, en die natuurgeluide doen hul werk. Die donkerte van die nag begin dik rondom die kampvuur lê.

Leon sit en wonder oor hoe wonderlik die Herder is terwyl hy rondkyk na die skepping in die nag. Toe dink hy aan homself en sy eie toekoms – die wêreld voel skielik baie groot en donker.

Armach sien die kyk in sy oë en haal sy groot Bybel uit sy rugsak. Hy blaai na Genesis 15. Die oranje skynsel van die vuur val op die bladsye.

“Kyk bietjie op, lammers,” sê Armach met afwagting.

Die lammers kyk almal op. Bo die hitte van die vuur lê die naghemel – pikswart, oneindig groot, maar bespikkel met miljoene, flikkerende sterre.

“Sien julle hoe donker dit rondom ons is?” vra Armach. “Soms voel die lewe vir ons ook so. Dit voel donker, onseker, en ons raak bang vir die toekoms. Maar luister wat het met ’n man genaamd Abraham in die Bybel gebeur. Hy was ook bang en alleen in die donker nag. Maar God het hom buitentoe gevat en vir hom gesê: *‘Moenie bang wees nie, Abraham, Ek is jou beskermmer.’* En toe sê God iets wat die wêreld vir altyd verander het.”

Armach lees hardop uit die Bybel: *“Kyk nou op na die hemel en tel die sterre as jy dit kan tel. So baie sal jou nageslag wees.”* En Abraham het in die Here geglo.”

Leon se koppie draai sommer dadelik skuins. Hy bedink dié woorde.

“Kyk na daardie sterre,” sê Armach, en sy oë blink. “Dit was nie net flikkerliggies vir Abraham nie. Dit was God se belofte. God het vir hom belowe dat Hy ’n reuse groot familie uit hom sal laat gebore word, en dat God daardie familie nooit, ooit alleen sal los nie. En weet julle wat is die grootste wonder van daardie vertelling?”



Luister hier:

Blêr | *Ek behoort aan Jesus*

Die VERLORE SKAPIE

Lees meer >>

VERJAARSDAE

VEELS GELUK



ngkerkvystaat.co.za

Wense van voorspoed, God se seëninge en
genade vir die nuwe lewensjaar.

Ds Frans Steenkamp WARDEN	09	OKT	17	Ds Barry van Wyk PARYS-WES
Ds Chris du Raan PETRUS STEYN	11		19	Ds Stefan Schoeman THEUNISSEN
Ds Etresia van Schalkwyk MEMEL	11		20	Ds Dirk Venter VREDE

- Lekker verjaar -

EKOLOGIE



BEDIENINGSBEGELEIDING
Ekologie Netwerk
Mariëtte Odendaal



Ons kan nie elke ramp voorkom nie, *maar ons kan voorberei*

Stel jou voor: dit reën al dae lank. Die rivier begin styg. 'n Kragpaal knak in die wind en skielik is die dorp sonder elektrisiteit. Of 'n brand beweeg vinniger as wat verwag is. Mense moet hul huise verlaat – maar waarheen gaan hulle?

Op 13 Oktober is dit die **Internasionale Dag vir Ramp-risikovermindering**. Wêreldwyd word die mensdom dan attent gemaak op die effek van klimaatsverandering, droogtes, brande, vloede, en so meer, maar daar word ook gefokus op gemeenskapsveerkragtigheid, voorkoming en voorbereiding op rampe.

'n Ramp begin dikwels lank voordat die eerste sirene loei. Dit begin waar mense kwesbaar is, waar waarskuwings geïgnoreer word, waar niemand weet wat om te doen nie of waar 'n gemeenskap nie voorbereid is nie.

Ons kan nie altyd keer dat 'n storm kom, 'n veldbrand uitbreek, 'n droogte toeslaan of 'n vloed sy vernietigende pad loop nie. Maar ons kan iets doen om die skade te beperk. Ons kan voorbereid wees. Ons kan vooruit dink. En ons kan leer om na mekaar om te sien.

Lees meer »

GEBED

VIR ONS LAND,

Suid-Afrika

Uit Pearly Beach het die inisiatief ontstaan om, in aanloop tot die nasionale verkiesing op **4 NOVEMBER 2026**, gelowiges regoor Suid-Afrika op te roep tot gebed.



ONS HOOR DIKWELS:

"Net God kan ons land red."

God roep sy kinders om te bid.
Daarom herinner Paulus ons:

"Maak alles deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend."

FILIPPENSE 4:6

2 KRONIEKE 7:14 (AFR20)

"As Ek die hemel sluit sodat daar geen reën is nie, of as Ek die sprinkane stuur om die land kaal te vreet, of as Ek 'n pes onder my volk loslaat, en my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my teenwoordigheid opsoek en hulle van hulle verkeerde paaie bekeer, sal Ek uit die hemel hoor, hulle sonde vergewe en hulle land genees."

ONS NOOI ELKE CHRISTEN, GEMEENTE, KERKVERBAND EN GELOOFSGEMEENSAP UIT OM DEEL TE WEES VAN HIERDIE GEBEDSINISIATIEF.

Dit is nie nodig dat almal op dieselfde dag byeenkom nie. Die doel is dat gelowiges oral in Suid-Afrika saam voor God intree vir ons land.

Versprei hierdie uitnodiging na kerke, denominasies, bedieninge en gebedsgroepe, sodat soveel moontlik gelowiges kan deelneem.

'n Voorstel vir 'n eenvoudige liturgie en gebedsriglyne sal binnekort beskikbaar wees.

Navrae by **marnette1@gmail.com** (ds Marnette van Rensburg, NG Gemeente Pearly Beach, Sinode van Wes-Kaapland)

Kom ons verenig in gebed.

AKTUEEL EN ALGEMEEN



Nederduitse Gereformeerde Kerk Een Liggaam en Een Gees

**Kom ons bid vir Suid-Afrika
50 dae van gesamentlike
voorbidding**

Verkiesing – 4 November 2026

Wat as gelowiges in dorpe en stede regoor Suid-Afrika in dieselfde tyd, met een hart, begin bid – vir ons land, ons gemeenskappe en die mense wat ons dien?

Die NG Kerk is genooi om deel te wees van 'n interkerklike gebedsaksie. City Connect: 50 Gebedsdae nooi elke gelowige om saam op 'n 50-dae-gebedsreis te gaan ter voorbereiding op die 2026-plaaslike verkiesings. Die gebedsreis strek van 14 September tot 3 November 2026.

Die uitgangspunt is eenvoudig: wanneer 'n stad floreer, floreer sy mense. Daarom herinner Jeremia 29:7 ons: "Bevorder die voorspoed van die stad ... en bid tot die Here vir die stad, want in sy voorspoed is daar ook voorspoed vir julle." Laai die **City Connect 50 Gebedsdae-gids** hieronder af.



Laai af

AFRIKAANS

**PRAYER
AND REPENTANCE**

**CITY CONNECT
50 GEBEDSDAE**

VIR DIE 2026 PLAASLIKE
VERKIESING

“Bevorder die voorspoed van die stad waarheen Ek julle in ballingskap laat gaan het, en bid tot die Here vir die stad, want in sy voorspoed is daar ook voorspoed vir julle.”
– Jeremia 29:7

Red Cherry
INTERACTIVE
Produced by Red Cherry for Awakening South Africa, Prayer and Repentance Movement.

Prayer And Repentance:

SEPTEMBER / OKTOBER



MARINE MONTH
MARIENE MAAND

CLF Publishers
www.clf.co.za
info@clf.co.za
+27 (0)21 8 123 456

»

NEW
OPEN RESOURCE

<https://clf.co.za/open-resource/word-worship-year-b-2026-2027-2/>



CLF PUBLISHERS
UITGEWERS

»

LEWENDE GELOOF
met Ferrelia Marais

NUWE DROME
met Neil Büchner

JESUS U IS HIER
met Neil Büchner

AS EK EERLIK IS
met Deon Meiring

akkoord | deur BYBEL-MEDIA

»

Engo

JACO JACOBS

Ty is Wens

R75
per boekie.

Geskryf deur Jaco Jacobs
spesifiek om Aanrind se kinders te vermaak

Bestel op www.engo.co.za/shop
of stuur epos na info@engo.co.za

www.engo.co.za

»

Engo

OMGIEDAG

AVONTURE
Elke avontuur bring hoop.

VRYDAG, 30 OKTOBER 2026
'n spesiale sivviedag ten bate van Engo.

Tema: Avontuur
(Trek aan vir JOU gunsteling avontuur!)

R10 vir kinders • R20 vir volwassenes
R1 500 vir 'n besigheid om te ondersteun

KOOP JOU PLAKKERS NOU!

t: 060 548 5543
e: info@engo.co.za

FM
Courant

»

Hoopstad Ouetehuis

GHOLE
Day

9 Oktober 2026

Hoopstad Buiteklub

te per speler R450
terbal Scramble Drive

Way House en
dette ingesluit.
ot vleispryse ter waarde
R30 000

Kom geniet 'n dag saam
Bring die familie die
aandete kaartjies is R10
per persoon.

Golfkarretjies te huur tot
R950.

Engo

Bespreek betyding

akpersone: Lorraine Kapp 053 444 1319 | Stoffel Prinsloo 064 739 1234

»

Christmas
Bible sale

VALID FROM 1 OCTOBER UNTIL 11 DECEMBER 2026

Up to
60%
savings

www.bibleshop.co.za

www.biblesociety.co.za
bible society of south africa

»

YOUR REGIONAL BIBLE SOCIETY
SALES REPRESENTATIVE



Stella Moletsane

CENTRAL REGION

stella@biblesociety.co.za

084 876 5789

»

ouditorium te huur



BYBELHUIS BLOEM

Ons wêreldklas ouditorium kan gehuur word

Blikke foto's ✓ Veilige parking ✓
Klank en beeld ✓ Privaat of besigheid ✓

BESPREEK NOU

051-4445580
elrika@biblesociety.co.za
220 Nelson Mandela Rln

»

Towers
of Hope

&



Babu Frederick
FOUNDATION

PRESENTS

AFRICA

Taste and Talent
FESTIVAL

Shop • Support • Build Community



Friday, 30 October 2026
12h00 - 17h00

Exhibitors

R250 (without electricity)
R300 (with electricity)

Live
Music

with
Urnus Human



Come and taste
various countries' dishes
that are unique to them.

There is lots of entertainment
and fun for young and old!

Live Music • School Performances • Kids Activities
• Craft Stalls • Games • And so much more!



NO FOOD ITEMS AND COOLDRINKS MAY BE SOLD
(ONLY CHURCH STALLS)



Other snacks and treats allowed!



Berg-en-Dal Church
(Church Grounds)



Contact Persons:

Chrisna
064 602 5261

Marthina
072 397 1624

Come
Browse
Shop
Enjoy!



Saai die saad

en help iemand groei deur hulle 'n Bybel
in hul eie taal te gee. Koop direk by die
Bybelgenootskap van Suid-Afrika en kry

30% korting



'n Bybel vir elkeen

Vir navrae kontak sales@biblesociety.co.za



OPLEIDINGSGELEENTHEDE



Dr Hannes Janse van Rensburg van die Hervormde Kerk se Sentrum vir Gemeentelike Bediening, en predikant van Zuurfontein in Kempton Park, skryf: Kerke vra al jare: Hoe kry ons jongmense terug in die kerk? Talle planne, strategieë en hulpbronne is reeds ingespan. Maar dalk is 'n ander vraag nodig: Wat as ons al die tyd die verkeerde vraag gevra het?

DIDASKO-DINSDAE

BEGRIIP VIR GENERATIEWE-BEDIENING



Dr Hannes Janse van Rensburg

20 Oktober  

2 VBO-punte

Begrip vir Generatiewe-Bediening met dr Hannes Janse van Rensburg

Uitnodiging deur die Werkgemeenskap Historiese Teologie (SA) in same die Departement Sistematiese en Historiese Teologie van die Universiteit van Pretoria

Die ver-beelding en ver-woording van geloof in kuns, musiek, letterkunde en argitektuur

Deur die eeue heen het beeldende kuns, musiek, letterkunde en argitektuur 'n kragtige rol gespeel in hoe die kerk geloof verbeeld en verwoord. Kom aan by hierdie insiggewende konferensie waar daar saam nagedink word aan die samehang tussen skoonheid, kuns en geloofservaring.

Gemeente Pretoria-Oos, Delyweg, Waterkloofpark

Gassprekers

- Prof HF (Hennie) Stander
- Prof E (Elfriede) Dreyer

Sub-temas

- Beeldende kuns, musiek, argitektuur, letterkunde

RSVP met betaling

- 12 Oktober 2026
- antoeljvr@gmail.com

Konferensiefooi: R600

- Sluit versersings, 'n onthaal en WHT-lidmaatskap in.

Navr

- Pro
- Pro
- Dr
- Dr

28-29 Oktober  

VBO-punte

Die ver-beelding en ver-woording van geloof. RSVP 12 Oktober 2026.



22 Oktober  

2 VBO-punte

Kom ontmoet met die Heiliges: "Oscar Romero" met dr Lisel Joubert

ENTERPRISES University of Pretoria

BRUGBEDIENING



DOEL – Die weggaan van 'n predikant in 'n gemeente laat so 'n gemeente in 'n tyd van bepaalde onsekerheid. Die pad vorentoe is onseker totdat 'n nuwe permanente bediening weer in plek is. Hierdie kursus poeg om reeds goed opgeleide predikante verder op te lei vir wat brug of interim bediening genoem word. Dit is doelgerigte en spesiale opleiding om gemeentes tussende tussende tussende te help. Kom deur kerkstrukturele trauma heen: tot voordeel

16-19 November  

70 VBO-punte

Brugbediening (Week 2), Stellastraat, Pretoria met prof Malan Nel



17 November  

5 VBO-punte

Vyf maniere om te sê: "Ek is jammer" met prof Wentzel Coetzer



Jaarkursus 2027  

55 VBO-punte

Pastorale sorg en krisis intervensie met prof Wentzel Coetzer

KERKNUUS EN PUBLIKASIES

KERKBODE BROKKIES | PUBLIKASIES



Kollig
Luister nou



Ondersteun Kerkbode
Maak 'n donasie



Reeks oor roepingsverhale: 'Blootstelling aan verskillende kulture kweek my liefde vir multikulturele ruimtes'

7 Oktober 2026
Kerkbode
Artikels
Nielbert Mostert



Swanepoel, Winckler en MacMaster trap versigtig by Woordfees-gesprek wat wye draaie gooi

7 Oktober 2026
Kerkbode
Artikels
Le Roux Schoeman



Elders gesien NG Universiteitsoord wy orrel met 3 000 pype 'weer' in

6 Oktober 2026
Kerkbode
Nuus



Uit die kantoor van die Algemene Sekretaris: 'NG Kerk-skenking kom by plekke van nood uit'

2 Oktober 2026
Kerkbode
Artikels
Kantoor van Algemene Sekretaris



Elders gesien Kan die kruis ook 'n vorm van protes wees?

2 Oktober 2026
Kerkbode
Nuus



'Die dag van my musiekbekering' – skrywer gesels oor kerkmusiek as Godsontmoeting

1 Oktober 2026
Kerkbode
Artikels
Heléne Meissenheimer



Google Play

kerkbode.christians.co.za



App Store

Genesing vir elke vrou 90 Oordenkings


R280



Ontvang genesing vir jou emosionele wonde en ontdek jou lewensdoel as God se kind in hierdie 90-dae-dagstukkiesboek. "Genesing vir elke vrou - 90 oordenkings" delf diep in Joyce Meyer se eie lewensverhaal en haar reis na genesing. Ten spyte van jare se mishandeling, verwerping en verraad deur die mense die naaste aan haar, glo Joyce dat elke vrou wat diep seergekry het deur lewensomstandighede, ten volle genees kan word in hart en siel. Haar onwankelbare aanspraak het ontstaan uit haar eie reis na genesing, en ook die pad wat sy gestap het met soveel vroue wat nie wou glo dat hulle hul pyn ten volle sou oorwin nie. Joyce neem jou op 'n 90-dae-reis om jou te bemoedig deur die lewe se struikelblokke om jou ware lewensdoel te bereik. Die Here kan jou pyn genees, en Hy wil dit in jou hart doen sodat jy die wonderlike, vreugdevolle toekoms wat God vir jou beplan het kan leef!

Goed Genoeg

R270



Gerridene Berg, motiveringspreker, entrepreneur en gelowige vrou, glo baie vroue is vasgevang in die leuen dat hulle nie goed genoeg is nie. Sy wil hulle help sodat hulle hul roeping kan instap met oorwinning. Gerridene vertel haar eie storie aan die hand van die verskillende kwessies. Sy daag vroue uit om hul storie te deel, om sodoende ander vroue te help om hul eie stories te verstaan en deur te werk. Sy wil graag mense inspireer om genesing te vind. Hierdie boek is nie net Gerridene se storie nie, dit is 'n getuienis van hoe 'n liefdevolle God 'n gewonde vrou gebruik om buitengewone dinge te doen. Gerridene is getroud met akteur en motiveringsspreker Hykie Berg.

Die sleutels tot 'n gesonde huwelik

R250



Leer die geheime van 'n suksesvolle huwelik by Joyce Meyer. Of jy nou dertig dae of dertig jaar getroud is, jy wil 'n huwelik hê wat in moeilike tye floreer. Maar ons huwelike lyk nie altyd soos ons gedink het dit sou nie. Miskien het jy nie probleme in jou huwelik nie, maar jy wil jou verhouding so sterk as moontlik maak. In *Die sleutels tot 'n gesonde huwelik*, leer die geliefde skrywer Joyce Meyer jou om kragtige waarhede uit God se Woord vir jou en jou huwelik te ontsluit, struikelblokke na gesonde verhoudings te oorkom, in vrede met 'n onseker persoon te leef en die fokus van jouself en jou gade af te haal en eerder na die Here te kyk.

WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS



Gemeentegebeure

Kalender | Belangrike datums



KALENDER

skakel@ngkvs.co.za
Adverteer **hier**



VAKATURES



AFLOS



Interaktiewe Dagboek

Deel jou dagboek hier



DAGBOEK



VAKATURES

vakatures@tydskrifte.co.za



AMPTELIK

kerkbode@tydskrifte.co.za

AMPTELIKE PREDIKANTENUUS

BEDANK

Ds Dylan Allen van NG Gemeente Bothaville het die beroep na NG Gemeente Lydenburg-Suid bedank.

AANVAAR

Dr Leon Venter van NG Gemeente Graafwater het die beroep na NG Gemeente Boshof aanvaar. Sy intreepreek het op 4 Oktober 2026 plaasgevind.



HULPBRON OPGEDATEER: SÓ WERK
AMPTELIKE NUUS OOR PREDIKANTE WAT
SKUIWE

Deur Kerkbode / 3 Julie 2025 / Amptelik

ANDER SINODALESTREKE SE NUUS



VAKATURE

VAKATURE: PSD DIENS VAN BARMHARTIGHEID VOLTYDSE SENIOR LEIERSKAPSPOS

'n Toegewyde en dinamiese leier met 'n hart vir mense in nood word gesoek om as PSD: Diens van Barmhartigheid te dien. Die pos bied die geleentheid om barmhartigheid terug te bring na die hart van die gemeente: van noodleniging na 'n verhoudingsgebaseerde, missionale diakonaat wat gemeentes self dra.

Die suksesvolle kandidaat kan diakonaat teologies begrond én prakties in gemeentes laat gebeur sodat gemeentes, ringe en ander rolspelers saam doeltreffende en volhoubare ondersteuning bied.

Strategiese fokuspunte: barmhartigheid wat gestalte kry

- **'n Fokus op die sosio-ekonomiese nood in die Vrystaat:** Speel 'n sleutelrol in die bestryding van armoede en sosiale nood. Is gemeentes van hulp in die identifisering van plaaslike nood met die oog op volhoubare ondersteuning.
- **Menswaardigheid en geregtigheid:** Barmhartigheid sien die nood van mense in al sy vorme raak ten einde 'n menswaardige bestaan en geregtigheid vir almal te bewerkstellig.
- **Van liefdadigheid na wederkerigheid:** Gemeentes beweeg van korttermyn-noodleniging na 'n verhoudingsgebaseerde betrokkenheid waar herstelde verhoudings en die erkenning van die gawes van gemeenskappe seëvier.
- **Barmhartigheid in vennootskap:** Die bediening gebeur saam met verskeie rolspelers, ander kerke en organisasies, vanuit 'n gedeelde visie en waardes.

Sleutelverantwoordelikhede

- Ontwikkel en implementeer 'n koherente diakonale bedieningsbeleid en strategie vir die Diens van Barmhartigheid.
- Inspireer, rus toe en adviseer gemeentes en ringe om werklike gemeenskapsbehoeftes te bepaal en volhoubare betrokkenheid te bou.

'N LAASTE GEDAGTE




Foto: Dr Leon Oosthuizen
(verskaf)

ALGEMEEN
Aktuaris van die Moderamen
Dr Leon Oosthuizen



Sal ons ooit tevrede wees?

Ek kampeer tans saam met 'n groep in 'n wildreservaat. In 'n tentjie, plat op die grond. Idillies, die njalas en ander wildsbokke wei sommer so tussen die tente. Dit kan nie beter nie.

En dan vertel die een kamp-buurman, wat 'n paar dae vroeër gekom het, van die hiëna wat saans in die vullisdromme kom soek na iets te ete.

Die wát! Hiëna, sommer hier in die kampterrein!

En die ander bure loop saans met hul ultraviolet ligte en soek skerpioene. Blykbaar is hier hordes van hulle op die grond en in die bome hier tussen ons.

Skielik sien ek nie meer die mooi natuur, die bokke hier rondom my raak nie – al wat ek sien is goed wat my kan skade aandoen. Ek besef ook met 'n skok dat die hoop mis hier langs my tentjie aan 'n olifant behoort.

Moes ek nie maar eerder 'n chalet bespreek het nie? Maar dis so baie geld. Net daar oorval 'n onvergenoegdheid my. Hoekom het ek nie ook 'n groter inkomste soos die ander mense wat kan bekostig om in die huise te bly nie? In 'n oogwink word my bewondering vir God se skepping, my dankbaarheid om so tussen al die diere te kan kampeer en my vreugde om vir 'n paar dae te kan ontspan, vervang deur 'n stuk ontevredenheid.

Is dit nie maar hoe die mens is nie? Ons vra en ons ontvang, maar skaars het ons ontvang, of ons is al weer ontevrede. Die ander ou s'n is mooier of groter as myne.

Dit laat my so dink aan **Judas 1:16 – “Hierdie mense kla gedurig en is altyd ontevrede met hulle lot.”**

Ek dink ontevredenheid kom wanneer ek fokus op dit wat ek nie het nie.

Lees meer >>



KONTAK ONS

REDAKSIE

SAMESTELLERS

Celicia McLean (Redakteur), cmclean@ngkvs.co.za
Juan du Toit, skakel@ngkvs.co.za

LUISTER-ARTIKELS

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

PROEFLESERS

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit



NUUSGEBEURE INLIGTING BYDRAES

voor 12:00 Dinsdae
na cmclean@ngkvs.co.za

Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**

NG KERK VRYSTAAT
Departement Kommunikasie en Bemarking
051 406 6700 (k) | 072 151 9799 (s)
skakel@ngkvs.co.za

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321



NG KERK VRYSTAAT | © 2026

Departement
KOMMUNIKASIE EN BEMARKING